SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



"En word nie aan hierdie wêreld gelykvorming nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed"  Romeine 12:2a

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Die Ewige Dans: Godsdiens se vloeiende rol in 'n veranderende wêreld

Die manier waarop ons godsdiens verstaan, uitleef en beleef, bly selde onveranderd. Vir baie geslagte was geloof 'n vaste anker — iets wat mense rigting, sekerheid en identiteit gegee het. Vandag ervaar baie mense dit eerder soos 'n rivier: steeds daar, steeds belangrik, maar voortdurend in beweging.
Of jy jouself as diep gelowig sien, nog soekend is, of bloot wonder oor die kragte wat ons wêreld en gemeenskappe vorm, kan ons nie die vraag oor godsdiens se plek in die 21ste eeu vermy nie. Hoe het ons hier gekom? En waarheen beweeg ons?

'n Interessante lens waardeur ons hierdie reis kan verstaan, kom van die Franse denker Émile Durkheim. Meer as 'n eeu gelede het hy reeds probeer verstaan hoe geloof, gemeenskap en samelewing aan mekaar verbind is. Sy insigte help ons om die ontwikkeling van godsdiens — en ook die pad van die Kerk vandag — met nuwe oë te sien.
Durkheim, is een van die grondleggers van moderne sosiologie. Hy het ons help verstaan dat geloof nooit net 'n private saak is nie. Vir hom was godsdiens een van die belangrikste maniere waarop gemeenskappe saamgebind word. Dit gee identiteit, vorm waardes, versterk verhoudings en herinner mense dat hulle deel is van iets groter as hulleself.
Durkheim se werke wys ook dat godsdiens deur die eeue verskillende vorme aangeneem het. In vroeë gemeenskappe was geloof met elke deel van die lewe verweef. Die onderskeid tussen die heilige en die alledaagse het mense gehelp om betekenis te vind, terwyl rituele die gemeenskap se bande versterk het. Later, namate samelewings groter en meer kompleks geword het, het georganiseerde godsdiens sterker vorm aangeneem deur instellings, ampte, tradisies en vaste rituele.
Vandag leef ons in 'n moderne en post-moderne wêreld waar wetenskap, individualisme, sekularisering en diversiteit die invloed van tradisionele kerke uitdaag. Tog verdwyn die mens se soeke na betekenis, verbondenheid en hoop nie. Juis daarom bly vernuwing nodig: die vorme mag verander, maar die diep honger na God, gemeenskap en 'n lewe met betekenis bly.

Die Kerk se verhaal wys dat geloofsgemeenskappe deur tyd verander en aanpas. Waar die Kerk vroeër dikwels die vanselfsprekende middelpunt van gemeenskapslewe was, leef ons nou in 'n internasionale wêreld van groter diversiteit, sekularisering, mobiliteit en digitale verbintenis.
Juis daarom vra hierdie tyd dinamiese vernuwing: aanbidding wat mense vandag raak; uitreik wat 'n tasbare verskil maak; digitale deure wat mense bereik waar hulle is; en geloofsruimtes waar elkeen se persoonlike reis ernstig geneem word. Die vorm mag verander, maar die roeping bly: om mense aan God, aan mekaar en aan 'n betekenisvolle lewe te verbind.
(verwerk uit skrywe deur Dr Johan Bester vir die Die Hervormer)

Andre

# Tema vir die Maand

## “ Kyk, Ek maak alles nuut.”

“Kyk, Ek maak alles nuut.”

*“Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.” — Romeine 12:2*

Mei maand het ons mekaar herinner: geloof is kennis, sekerheid, vertroue en oortuiging. Ware geloof bly nooit net ’n gedagte in my kop nie. Dit beweeg na my hart, my keuses, my verhoudings en my manier van leef. Geloof lei tot vernuwing — van binne na buite.

Vernuwing begin dikwels stil. Nie altyd met groot oomblikke of dramatiese veranderinge nie, maar met ’n nuwe manier van kyk: na God, na myself, na ander mense en na die wêreld. Wanneer ek met geloof na Christus kyk, sien ek nie net my tekortkominge raak nie; ek sien ook Sy genade, Sy geduld en Sy nuwe moontlikhede. So begin ou vrese plek maak vir vertroue. Ou patrone word uitgedaag deur gehoorsaamheid. Ou wonde word aangeraak deur genesing. En stadig maar seker begin ek nie net anders dink nie, maar leef ek anders.

God maak dinge nuut. In Openbaring 21 hoor ons die belofte: *“Kyk, Ek maak alles nuut.”* Selfs wanneer die wêreld broos voel, is God se Gees besig om nuwe lewe in ons wakker te maak – deur vergifnis, insig, vrede, moed en gehoorsaamheid.

Daarom nooi ek jou hierdie maand: kom leef hierdie vernuwing saam met ons uit. Kom woon eredienste by. Kom neem deel. Kom bely jou geloof nie net met woorde nie, maar met jou lewe. Ons word saam vernuwe in God se teenwoordigheid.

Seënwense,
Andre

## IN HIERDIE UITGAWE

PIEKNIEK
VADERSDAG GEBED
MEET PAULINE
'N LEWE WAT GETUIG
ABRAM LYLE SE GETUIENIS
KONTAK ONS

# Familie Piekniek









(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JUNIE 2026

# SA GEMEENTE
SA CONGREGATION













# Vadersdag gebed

Erkenning: Anriëtte de Ridder

Hemelse Vader, op hierdie Vadersdag staan ons in verwondering.
Ons bewonder die vaders wat U vir ons gee:
Pa's, oupa's, voogde en ooms
Ook onderwysers, afrigters, bure en mentors –
Elkeen uniek, vol omgee en vriendelikheid.
Ek dink dit is wonderlik dat hulle dien –
Deur te gee, te werk, te help, te lag en te leer.
U het hulle gemaak as deel van U wonderlike plan:
Hulle is tekens van U sorg en wysheid.
U werk deur hulle om wonderwerke te doen:
'n sagte woord op die regte tyd,
'n hand op 'n skouer,
'n belangstellende vraag,
'n high-five wat ondersteun,
En 'n gebed in stilte.
Here, seën elke pa-figuur vandag-
Maak hulle harte sterk, hulle geloof diep
En hulle liefde sag.
En vir diegene wat vandag hartseer is,
kwaad is of verlang –
Gee vir hulle u troos en nabyheid.
U is ons Vader in die hemel.
U is altyd by ons.
U is wonderlik.
Amen.



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# ’n Lewe wat Getuig

Sy naam is Billy. Hy het woeste hare, dra ‘n T-hemp met gate in, denimbroeke en geen skoene nie. Dit was letterlik sy hele klerekas vir die hele vier jaar op kollege. Hy is briljant en baie slim.
Hy het ‘n gelowige geword terwyl hy op kollege was.
In die straat oorkant die kollege-kampus was die kerkgebou van ‘n baie netjiese en baie konserwatiewe gemeente. Hulle wou ‘n bediening begin vir die studente, maar het nie regtig geweet waar om te begin nie.
Een Sondag-oggend daag Billy by die kerk op: geklee in sy T-hemp, denim, ongeskeer, sy hare wat wild staan en kaalvoet.

Die diens het reeds begin en Billy het in die paadjie afgestap opsoek na 'n plek om te sit, maar die kerk was stampvol en daar was nie ‘n enkele sitplek beskikbaar nie.
Van die gemeentelede het kriewelrig rondgeskuif en ander het ongemaklik onder mekaar gefluister.
Voor by die preekstoel besef Billie dat daar geen sitplek oop is nie, en hy maak homself toe op die mat voor die preekstoel tuis.
Teen dié tyd was die gemeentelede alreeds erg opgetrek oor die situasie en die atmosfeer so dik dat jy dit amper met ‘n mes kon sny. Juis toe merk die dominee dat een van sy gewese ouderlinge van heel agter in die kerk op pad is na Billy toe.

Die Oubaas was reeds in sy tagtigs, met silwergrys hare en soos altyd, netjies geklee in sy swart driestuk pak. Almal het hom geken as ‘n waardige, Godvresende man. Met sy kierie het hy statig en hoflik sy weg gebaan na die jongman voor die preekstoel. Die kerk was doodstil behalwe vir die getik van die ouderling se kierie op die vloer. Alle oë was vasgenael op die oubaas en die gemeentelede het skaars asemgehaal, want hulle het geweet die oubaas loop nie draaie as dit by reg en verkeerd kom nie. Selfs die dominee het gespanne en in stilte gewag om te sien wat gaan gebeur. Toe die oubaas uiteindelik die jongman bereik, het hy sy kierie laat val, en stadig en met groot moeite op die mat neergesak, sy skoene en kouse uitgetrek, Billie met ‘n kopknik gegroet en effe uitasem gefluister: “Nou is jy nie alleen nie.”

Die gemeente se emosies het voelbaar opgewel en hier en daar het een ‘n traan afgevee.
Toe die predikant uiteindelik beheer oor sy eie emosies kry, het hy opgekyk en gesê: “Wat ek vandag oor wou preek, sal julle nie onthou nie. Wat julle so pas gesien het, sal julle nooit vergeet nie. Ek gaan die diens nou afsluit met die seën se uitspreek.
" Wees versigtig hoe jy leef. Jy mag dalk die enigste Bybel wees wat sommige mense ooit sal lees.

John 3:16

# Meet Pauline......

For fifteen years, I walked the same route every morning. Out my door at 6:45 a.m., down Elm Street, through the alley, behind the Korean grocery, past the elementary school, and back home. Exactly forty-two minutes. Rain or shine.

It wasn't exercise. It was escape. From my empty house. From memories of Tom. From the silence that swallowed me whole if I stayed still too long.

But last month, I twisted my ankle. Doctor said no walking for six weeks. I was devastated. But also, secretly relieved. Finally, an excuse to stop. Stop pretending the walks helped. Stop forcing myself out of bed. Just...... stop.

The first week was fine. Slept in. Watched TV. Felt like a vacation.

Second week, my doorbell rang. The Korean grocery owner, Mr. Kim. Looked worried.

"Miss Pauline. You okay? You sick?"

"Just a sprained ankle. I'm fine."

He nodded, but didn't leave. "You need anything? Groceries?"

"No, thank you."

He left. Weird, but whatever.

Three days later, the school principal knocked. Mrs. Henderson. I'd never spoken to her in my life.

"Ms. Pauline? We wanted to check on you. The crossing guard mentioned you haven't been by."

"I hurt my ankle. Why does everyone"

"Oh, thank goodness. We were worried something happened."

"Why would you be worried about me?"

She looked surprised. "Because...... well....... you're part of the routine."

I had no idea what she meant.

Next day, an envelope appeared under my door. Inside, a drawing. Crayon. Stick figure with gray hair walking. At the bottom: "Get better soon. Love, Emma (2nd grade)."

I didn't know any Emma.

Then more letters came. A card from the alley cat lady I'd never spoken to. A note from the mailman. The teenager who worked at the Korean grocery. All asking if I was okay. All saying they missed seeing me.

I was baffled. I didn't know these people. Never said more than "hello" to any of them.

So I called Mrs. Henderson. "Why does everyone care that I'm not walking?"

Long pause. "You really don't know?"

"Know what?"

"Ms. Pauline, you've been the neighborhood clock for fifteen years. Mr. Kim opens his store when he sees you pass. The crossing guard knows to head to her post when you walk by. Parents know if their kids see you, they're not late for school. The alley cat lady feeds the strays right after you walk through. You're....... you're the signal that the day is starting."

I sat down, stunned.

# Meet Pauline....

"And Emma," Mrs. Henderson continued, "she's our anxious one. Scared of school every day. But she stands at the kindergarten fence every morning waiting to see you walk by. Once she sees you, she tells her mom she's ready to go in. You're her bravery trigger. She doesn't know why. But you are."
I couldn't speak.
"We thought you knew," Mrs. Henderson said softly. "That you were doing it on purpose. Being there for us."
But I wasn't. I was just... existing. Surviving. Walking to avoid my own loneliness.
Yesterday, my ankle healed. I laced up my shoes. Walked my route.
Mr. Kim waved. The crossing guard smiled. The alley cat lady nodded. And Emma, little Emma I'd never met, pressed her face against the kindergarten fence and yelled, "You're back! I was so scared you died!"
Her teacher gently corrected her, but Emma ran to the gate. "Can I walk with you tomorrow? Just to the corner?"
Her mom, standing nearby, looked at me hopefully.
"Sure," I whispered.
This morning, Emma held my hand for three blocks. Talked nonstop about her pet fish. When we reached her school, she hugged my legs. "Same time tomorrow?"
"Same time."
I'm 69. For fifteen years, I thought I was walking to escape my pain. Thought I was invisible. Meaningless.
Turns out, I was the thread holding a dozen strangers' mornings together. The rhythm they set their lives by.
And I never knew.
Here's what I learned, You have no idea what you mean to people. The small, ordinary things you do? They might be someone else's only constant. Their signal that the world is still turning. Their reason to be brave.
So don't stop. Don't assume you don't matter. Don't think nobody notices.
They do.
And your "just surviving" might be someone else's entire reason to start their day.
Keep walking.
Someone's counting on you.
Even if you'll never know who."

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Abram Lyle se getuienis




Die stigter van Lyle's, Abram Lyle, was 'n diep godsdienstige man. Toe hy in die 1880's sy stroop begin bemark, kies hy hierdie beeld as 'n simboliese voorstelling van:
Soetheid uit iets onverwags
God se voorsiening
Die Bybelse simboliek van heuning
Die blik se ontwerp wys:
'n dooie leeu
bye rondom dit
met die woorde:
"Out of the strong came forth sweetness"

Die idee van Simson se leeu met bye en heuning op die embleem van Lyle's Golden Syrup kom direk uit die Bybel—spesifiek uit die verhaal van Simson in Rigters 14.

In Rigters 14 lees ons:
Simson maak 'n leeu dood.
Later kom hy terug en ontdek dat bye 'n nes in die karkas gemaak het, en daar is heuning daarin.
Hy haal die heuning uit en eet dit.
Hieruit kom sy bekende raaisel:
"Uit die eter kom iets om te eet, en uit die sterke kom iets soets."

Interessante feit:
*Die Lyle's Golden Syrup-blik het een van die oudste ongewysigde handelsmerkontwerpe in die wêreld, en is selfs erken deur die Guinness World Records.*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JUNIE 2026

## KALENDER

7 JUNIE EREDIENS 10 UUR

14 JUNIE HUISKERK 9 UUR

21 JUNIE EREDIENS 10 UUR

28 JUNIE HUISKERK 9 UUR

# Ou Franciskaanse Seënbede

Gaan maak 'n verskil in die wêreld...

Mag die Here jou seën met ongemak oor maklike antwoorde,
halwe waarhede en oppervlakkige verhoudings,
sodat jy uit die diepte van jou hart kan leef.

Mag die Here jou seën met woede oor onreg,
onderdrukking en die uitbuiting van mense,
sodat jy kan werk vir geregtigheid, vryheid en vrede.

Mag die Here jou seën met trane om te stort vir mense
wat pyn, verwerping, honger en oorlog ervaar,
sodat jy 'n hand kan uitreik en hulle pyn in blydskap verander.

En mag God jou seën met genoeg dwaasheid om te glo
dat jy 'n verskil in die wêreld kan maak,
sodat jy dinge sal kan doen wat ander mense dink nie gedoen kan word nie.



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**

**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com